**Die Ruiter op die wit perd oordeel**

**Openbaring 19:11-21**

**15 November 2020**

1. Einde van die sesde onderdeel van Openbaring – weereens beskrywing van finale oordeel.
2. Wie is die Een wat oordeel? (verse 11-16)
    a. Jesus is die Ruiter op die wit perd wat oordeel, saam met leërs van die hemel, ook op wit perde en met wit klere aan (vgl met Op 14:4 en 20:11, waar Jesus op wit wolk sit, en op wit troon)
    b. Ruiter op wit perd word met 4 name beskryf:
        i. Getroue en Betroubare (Getrou en Waaragtig, OAV) (vers 11)
            - Jesus is getrou – Joh 17:4, 6, Hand 7:30-31
            - Jesus is Waaragtig – Joh 14:6
            - Sy oordele gaan dus regverdig wees (Op 19:2)
        ii. Die Woord van God (vers 13)
            - Jesus is die Woord van God (Joh 1:1)
            - Woord is skerp tweesnydende swaard, uit Jesus se mond (Heb 4:12-13), waarvolgens Hy dade gaan oordeel (vers 15, 21, Jes 4:11b)
            - Oë wat soos vuur vlam (vers 12, Op 1:14, 2:23)
        iii. Koning van die konings en die Here van die heersers (vers 16)
            - Dra baie heerserskrone (vers 12, vgl Op 12:3, 13:1)
            - Hy voer oorlog (vers 11)
            - Hy is in bevel van hemelse leërs (vers 14)
            - Hy bestuur wêreldgebeure (Op 17:17)
            - Voer God se straf uit na oordeel (vers 15, Op 14:14-20, Jes 63:1-4)
        iv. Naam wat net Hy ken (vers 12)
            - Nuwe Naam? (Op 3:12)
            - Jesus is nie ten volle geopenbaar nie
    c. Leërs van die hemel:
        i. Jesus kom saam met Sy engele (Mat 13:40-42, 16:27, 2 Tes 1:7)
        ii. Gelowiges met wit klere aan (vgl Op 17:14)
            - Lewer getuienis oor ongelowiges (Mat 12:41-42, Rom 2:27)
3. Wie word geoordeel, en wat is die gevolg van die oordeel? (vs 17-21)
    a. Dier uit see en konings van die aarde kom vir die oorlog (vgl Op 16:14, 11:7)
    b. Dier uit see (antichris), dier uit die aarde (vals profeet) en die mense wat hulle volg word geoordeel (vers 20-21)
    c. Feesmaal vir roofvoëls (vers 17-18, vgl Eseg 39:17-20) – vs bruilofsmaal van die Lam
    d. Doel: Gelowiges moet God se Naam eer, ongelowiges moet besef dat God die Here is
4. Toepassings:
    a. Ons moet alles wat oor Jesus geopenbaar is, gebruik om getroue beeld oor Hom te vorm
    b. Gelowiges moet getuig oor die komende oordeel – waar God juis werke gaan oordeel – ten spyte dat dit ongewildheid kan veroorsaak (Luk 12:51-52, Eseg 3:18)